## AFDELING A: KORTVERHALE

### VRAAG 1: *BLADSAK* – Lucas Malan

Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag.

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "DIE TOWERSAK" – Corlia Fourie (20)
EN
VERHAAL B: "OUPA JOB KOM TERUG" – Cecilia Kruger (20)

### VERHAAL A: "DIE TOWERSAK" – Corlia Fourie

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A**

... Leeus brul agter hulle aan en hiënas vreet tjank-tjank die leeu se spore.

Op 'n dag val 'n buffel haar aan.

Sy gooi na hom met haar spies. Dis raak.

Die buffel se bene swik onder hom. Maar toe steun hy orent en hardloop weg met die spies blinkend in sy skof.

Die meisie volg die spore verby 'n miershoop en 'n kareeboom tot in die lang gras. Net toe sy dink hy het weggekom, spring hy meteens uit die lang gras voor haar op en storm op haar af.

Sy ruk die riem van die sakkie los en steek haar hand daarin en pluk 'n leeu uit.

Die leeu storm en byt die buffel dood.

Die meisie los die spies in die buffel se nek en stap aan met haar velsakkie.

Sy stap ver, sien baie dorpies en wilde diere en vlaktes en riviere en die hitte wat dans op die vlaktes.

1.1 Vir wie het die ma gevra om haar te help met die dogter wat net wou loop waar sy wil? (1)

1.2 Wanneer moes die ma die sakkie vir die meisie gee? (1)

1.3 Wat het die meisie se pa vir haar geleer? (1)

1.4 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (1.4) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| 'n hiperbool; | personifikasie; | metafoor |

"... die **hitte** wat **dans** op die vlaktes" (reël 12 en 13) is 'n voorbeeld van … (1)

1.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.5.1 en 1.5.2) en die antwoord neer.

Die jongman en die meisie wou verskillende dinge hê. Die jongman het gedink aan (1.5.1) (wapens om mee te veg/dinge vir hulle toekoms). Die meisie wou (1.5.2) (nuwe dinge ervaar/die hele tyd stories vertel). (2)

1.6 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Die jongman het gesê dat die meisie <u>die oggend</u> alles uit die sakkie gehaal het. (1)

1.7 Baie mense het 'n invloed op die meisie se lewe gehad.

Kies elke keer die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.7.1 tot 1.7.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.7.1 Die ma | A ... het gehelp dat die meisie nie alleen was nie. |
| 1.7.2 Die pa | B ... het vir die meisie 'n tweede kans gegee. |
| 1.7.3 Die jongman | C ... het die meisie baie hard laat werk. |
| 1.7.4 Die sakkie | D ... het vir die meisie die vryheid gegee om self te besluit. |
| | E ... was bekommerd oor die meisie se veiligheid. |

(4 x 1) (4)

1.8 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die krygsmanne het die meisie gevang.
- Die jongman het weggeloop terwyl die meisie geslaap het.
- Die meisie het saam met die ander vroue op die lande gewerk.
- Die meisie is vrygelaat sodat sy kon aanhou loop en stories uitdink. (4)

1.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.9) en die letter (A–D) neer.

Aan die einde van die storie het die jongman teruggekom na die meisie toe, want ...

A hy het gehoor almal praat van haar.
B hy wou leer om ook stories te vertel.
C hy het geglo dat die meisie vir hom lief was.
D die meisie se ouers het vir hom gevra om na haar te gaan soek. (1)

1.10 In hierdie kortverhaal tree die meisie en die jongman nie op dieselfde manier op nie.

1.10.1 Waarom wou die meisie op haar eie loop om nuwe plekke te sien? (1)

1.10.2 Waarom was dit verkeerd van die jongman om aan te hou vra wat in die sakkie was? (1)

1.11 As jý die jongman was, wat sou jy gedoen het toe die sakkie nie meer gewerk het nie? (1)

1.12 As jý die meisie was, wat sou jy gedoen het as die jongman teruggekom het na jou toe? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "OUPA JOB KOM TERUG" – Cecilia Kruger**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**

> Sy oupa was al die tyd in die groot oorlog vanaf 1939 tot 1945! Dit word die Tweede Wêreldoorlog genoem want dit was die tweede keer dat amper al die lande van die wêreld oorlog gemaak het.
>
> Simon kon nie ophou vrae vra nie. "Hoekom het Pa dit nog nooit vir my gewys nie? Wat beteken dit alles?"
>
> Sy pa het gewag dat hy bedaar voordat hy hom van sy ondervinding van museums, geskiedenis, kultuur en bewaring vertel het. Simon het met verwondering en respek na die wyshede van sy pa geluister.
>
> "Oupa het vir my vertel van al die eeue oue skatte wat hy in dié museum in Egipte gesien het. Daar het hy geleer wat dit beteken om te weet waar 'n mens vandaan kom, wat jou kultuur is en hoe belangrik dit is om sekere dinge te bewaar."

1.13 Oupa Job se goed was in 'n trommeltjie. Waar het Simon se pa hierdie trommeltjie gebêre? (1)

1.14 Noem TWEE dinge wat Simon se pa uit die trommeltjie gehaal het. (2)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.15.1 en 1.15.2) en die antwoord neer.

Volgens Simon se juffou was dit belangrik vir die Westerlinge om voorwerpe bymekaar te maak en vir die (1.15.1) (verlede/toekoms) te bewaar. Die mense in Afrika het weer gevoel ou goed moes (1.15.2) (bly waar dit was/opgetel en gebruik word). (2)

1.16 Wanneer het Simon op die uitstappie gegaan? (1)

1.17 Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.17.1 tot 1.17.4) en die antwoord neer.

1.17.1 Simon se klas het die museums in ... (plek) besoek.

1.17.2 Juffrou ... het saam met die kinders op die uitstappie gegaan.

1.17.3 Simon het 'n ... in sy rugsak gepak as dit dalk koud word.

1.17.4 Sy pa het vir Simon ... gegee om iets spesiaals te koop. (4)

1.18 Dit was nie vir Simon belangrik om seker te maak dat die medaljes veilig by die museum uitkom nie.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.19 Oupa Job se medaljes het na baie jare in die Krygsgeskiedenis Museum beland.

Kies elke keer die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.19.1 tot 1.19.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.19.1 | Simon se pa | A | ... het uiteindelik die erkenning gekry wat hy verdien het. |
| 1.19.2 | Adam Dube | B | ... was bekommerd oor die medaljes wat in die huis gebêre moes word. |
| 1.19.3 | Die kurator | C | ... het gedink Afrikagoed pas nie in 'n museum nie. |
| 1.19.4 | Oupa Job | D | ... het dadelik besef hoe waardevol die medaljes was. |
| | | E | ... het vir Simon die storie agter die medaljes vertel. |

(4 x 1) (4)

1.20 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.20) neer.

"Sy oupa was al die tyd in die groot oorlog vanaf 1939 tot 1945!" (Reël 1)

Die uitroepteken (!) aan die einde van hierdie sin sê vir ons dat ...

A die datums belangrik is.
B dit 'n baie groot oorlog was.
C Simon vir die eerste keer van die oorlog gehoor het.
D Simon verbaas was om te hoor dat Oupa Job in hierdie oorlog was. (1)

1.21 Waarom was dit reg dat die Krygsgeskiedenis Museum vir Simon se pa 'n bedankingsbrief geskryf het? (1)

1.22 Waarom kan 'n mens sê dat Simon se pa gedoen het wat Oupa Job vir hom gevra het om te doen? (1)

1.23 Watter les oor bewaring is daar vir jóú as jongmens in hierdie storie? (1)

1.24 Hoe help die skrywer jou om in die slot te verstaan wat die titel eintlik beteken? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

